### *Cyrenius en die tempeldienaars*

**21** **Cyrenius** sê: "Het julle gehoor hoe een wat uit die dood opgestaan het julle van nog erger dinge beskuldig as van roof en moord? Wat moet ek nou na hierdie baie ernstige beskuldiging met julle doen? Aan die kruis hang sal te gering wees! Julle tot op die gebeente `n hele dag lank laat gésel en dan die koppe laat afslaan, sou ook heeltemal te sagkens wees! Maar ek weet al wat ek sal doen, en julle sal julle nie oor my hoef te bekla nie!" - Toe Cyrenius hulle so aanspreek, word hulle almal wasbleek en begin ontsettend te kla en te smeek.

[2] Maar Cyrenius vra My heimlik of hy werklik die boosdoeners nog moet straf, naas die vonnis om ewig te moet swyg oor alles wat gebeur het.

[3] **Ek** sê: "Vaardig slegs die vonnis uit met daarby `n ernstige dreigement dat dit by die eerste en beste oortreding uitgevoer sal word! Laat hulle dan gaan!"

[4] **Cyrenius** stap na vore, gebied stilte en sê dan: "Luister na my, julle booswigte! Dat ek julle nie almal opslag die woestyn laat injaag, en daar op die afgronds-rotse laat sit en die oë laat uitsteek nie, het julle slegs maar te danke aan Hom vir wie julle ter wille van die heilige waarheid, wat Hy teen julle gespreek het, wou stenig! Maar hy wat dit waag om maar met net één woord iets aan te dui van wat hier voorgeval het, hetsy mondelings, skriftelik, deur gebare, gelaatsuitdrukkings of handbewegings, sal onverbiddelik die strengste straf ondergaan!

[5] Ook sal ek dit nie ongestraf laat as ek merk dat julle die volk kwel met onwettige afpersing, en dat julle die goddelike waarheid vervolg vanweë julle skandelike, selfsugtige voorskrifte nie! Leer vir die volk Elohim en Sy wette en volg Hom, dan sal julle net so in aansien wees soos hierdie goddelike man, JaHshua, wat beslis geen nuwe, maar slegs die oeroue leer van Elohim verkondig aan die volk wat deur julle in hul diepste nag gedompel is. Hy is die Een wat dit die maklikste en die beste kan doen, omdat Hy – vir wie julle nie verstaan nie, maar wat ek, wat julle `n heiden noem, heel goed verstaan - in die gees dieselfde Een is wat, volgens julle leer, ongeveer duisend jaar gelede aan Moses op die berg Sinaï vir julle die wette gegee het! Pas dus maar op om hierdie Heilige te vervolg; want so `n vervolging sou julle tweevoudig die lewe kos, liggaamlik hier en geestelik in die hiernamaals! - Het julle my verstaan?"

[6] **Alle betrokkenes** antwoord: "Ja, verhewe meester, ons sal alles doen wat u van ons verlang! Maar dit is tog welbekend aan u dat ons mense is en geen gode nie en dat ons baie swakhede het; as iemand dus moont-likerwys tog die een of ander oortreding sou begaan, sal u dan nie, siende dat u self `n mens is, ons ook maar slegs menslik ter verantwoording roep en bestraf nie?!"

[7] **Cyrenius** sê: "Griekse kooplui en marskramers (handelaars) doen gewoonlik aflate, maar Romeine nooit! Bedink dit goed en handel daarvolgens, dan sal julle geen bekommernis hê nie; want slegs deur harde en onverbiddelike wette word die mens sterk en voor-vegters van die orde, eensgesind en vol ywer in die nakoming van die wet!

[8] As `n soldaat nie gehoorsaam sou wees aan die baie harde en onverbiddelike wette nie, dan sou hy `n lafaard wees. En sou `n mens bevel gee om die vyand te agtervolg, te bestry en te oorwin, dan sal dit met die vyand goed gaan - en vir die noodsaaklike beskerming van die vaderland sal dit egter sleg daar uitsien! Maar as die onverbiddelike wet die soldaat elke stap om lewe en dood voorskryf wat hy ten opsigte van die vyand moet doen, dan doen hy dit verseker! Want sou hy dit nie doen nie, dan sou die dood hom inwag; doen hy egter wat hom beveel is, dan is hy nie seker of die vyand hom sal dood nie, en die moontlikheid bestaan dat hy as oorwinnaar en gekroonde held uit die stryd te voorskyn kan kom!

[9] In Rome geld die streng reël: '`n Streng wet maak ook streng en ordeliewende mense.' Daarom is daar dan ook glad nie met ons te onderhandel nie, en elkeen moet, sonder aansiens des persoons, doen wat die wet voor-skryf! Nou weet julle hoe ek oor die wet voel. Volg dit na, dan is jy vry onder die wet; doen jy dit egter nie, dan sal die wet jou sonder barmhartigheid oordeel, omdat dit `n wet is.

[10] Die hele aarde en alles wat op en in haar is, bestaan slegs deur die ewige onbuigsaamheid van die wil van Elohim. Sou Elohim ook maar in die geringste met hom laat onderhandel, hoe sou dit dan `n oomblik later met die aarde en met ons almal daar uitsien? Dan vlieg alles uit sy nate!

[11] Net so sou dit met `n volkeregemeenskap as staat gaan; wanneer één wet minder streng toegepas sou word, sou die ander ook hul krag en sterkte verloor, en die groot staatsgebou sal maar al te gou in `n ruïne verander! Daarom wyk ek geen millimeter af van wat ek gesê het nie!"

[12] Na die besliste antwoord van die opperstadhouer trek die **oudstes en die fariseërs** ontsettend bittere gesigte, en één van hulle spreek asof in `n soort smartlike geestesvervoering: "O Rome, o Rome! Jy is ontsettend hard en moeilik! - JaHWeH! U het U kinders uit die Babiloniese gevangenskap bevry toe hulle boete gedoen en U om hulp gevra het; sal U ons nooit verlos uit hierdie duisendmaal swaarder gevangenskap nie?"-

[13] **Ek** sê: "As julle bly soos wat julle is en as julle nie radikaal gaan verbeter nie, sal julle nie net ewige onderdane van Rome bly nie, maar eerder opgevreet word soos `n kadawer deur die adelaars! Elohim sal dit nog maar `n kort tydjie duld, daarna sal die harde lot oor julle gewerp word, en dan sal dit met julle gaan soos wat

Ek voorheen voorspel het, en mense sal julle vervolg tot aan die einde van die wêreld. - Gaan nou egter en sondig nie meer nie!"

[14] Na hierdie woorde trek hulle almal in hul sykamers terug; maar ons bly in die skool, (sinagoge) waarheen `n groot aantal Násareners alreeds gekom het om die hoë Romeinse menere te sien. Uiteindelik moes ons op die tafels en op die banke gaan staan om nie verdruk te word en om gesien te word deur die kyklustige volk.

### *Die ergernis van die inwoners van Násaret*

**22** Maar toe bring Borus self `n jiglyer na binne waarvan die hande en voete al heeltemal verdroog en sodanig verdraai en verkrom was dat dit vir `n sterflike dokter, selfs met al die middele ter wêreld, onmoontlik sou wees om hom te genees.

[2] Nadat die jiglyer deur twee draers in `n korf (mandjie) deur die sterke samedromming heen na My gebring is, sê **Borus** hardop vir die volk: "Hierdie sieke kan slegs deur Elohim genees word! Ek is tog wel een van die beste dokters van die hele Galiléa, en daar kom siekes van Jerusalem en Bethlehem na dokter Borus, en hy genees hulle; maar hierdie een kan hy nie help nie! U, gewyde vriend JaHshua, vra ek egter, omdat ek weet en glo dat by U geen ding onmoontlik is nie, om, as dit U wil is, aan hierdie mens weer sy regte ledemate te gee!"

[3] **Ek** sê: "Vriend, hier is baie ongelowiges en dan is so `n genesing baie moeilik! Maar Ek sal hom wel by jou onder vier oë genees."

[4] Daarop mompel daar **`n paar** onder die volk: "O, die seun van die timmerman is slim! Hierdie sieke is erg, daarom wil hy liewer in die geheim probeer om hom te genees, sodat ons nie sal sien of hy beter sal word al dan nie."

[5] **Ek** hoor die praatjies en sê aan die spotters: "O gekke en dwase! Ken julle die meisie langs Jaïrus? Is dit nie sy dogter nie, en was sy nie tweemaal dood nie? Wie gee haar haar lewe terug? - Julle dwase! As die Seun van die Mens mag het om dooies weer tot lewe te bring, sal Hy dan nie ook die mag hê om aan hierdie sieke te sê: 'Staan op en loop' nie? Maar sodat julle kan sien dat Ek hierdie mag besit, **gebied Ek jou**, mens wat ly aan jig, om op te staan en met volkome gesonde ledemate te loop!"

[6] Op daardie oomblik stroom daar `n vuur deur die ledemate van hierdie sieke, en hy voel homself sterker word, staan op en loop, en sy ledemate is totaal hernu met vlees en spiere, en hy stap vrolik rond met `n hart vol dankbaarheid. Na enkele oomblikke van groot verbasing sê hy: "Dit kan slegs maar vir Elohim moontlik wees! Sonder medisyne, sonder handoplegging, slegs deur die woord is so `n genesing in `n oogwink volbring, dit is iets ongehoords! Meester JaHshua, ek erken en glo nou heeltemal dat U Elohim se Seun of selfs Elohim Self is, wat `n menslike vorm aangeneem het! Ek glo dat ek U nou moet aanbid!"

[7] **Ek** sê: "Laat dit so, en wees stil! Wat jy egter in jou hart voel, wees maar suinig daarop; daar sal `n tyd kom waarin jy dit nodig sal hê, bid dan tot die Vader in die hemel, wat slegs aan Sy Seun so `n mag gegee het!" Na hierdie woorde sê die geneesde man niks meer nie.

[8] Maar **die volk** was baie ontsteld en sê: "Hoe kom hy aan hierdie wysheid en hierdie dade en die mag daartoe? Is hy nie die seun van die timmerman nie? Heet sy moeder nie Mirjam nie? En sy broers: Jakob en Joses en Simon en Judas? *(Matthéüs. 13:55)* En sy susters is tog almal by ons? Om hemelsnaam, waar het hy dit dan alles vandaan gekry?" *(Matthéüs. 13:56)*

[9] En toe hulle so onder mekaar praat en vrae stel, vererg hulle hulleself baie en sê: "Dit is haas om van gek te word! Ons seuns het in Jerusalem gestudeer en in allerlei kunste en wetenskappe kennis vergaar; hulle het ook die nog bestaande profeteskool (sinagoge) deurloop en die Egiptiese wysheid oor die verklaring van tekens heeltemal bestudeer! En hierdie timmerman, Hy wat nog nooit `n skool (sinagoge) besoek het nie, wat ons altyd met byl en saag sien werk het, maak ons en ons kinders nou beskaamd op `n manier wat maak dat selfs die allerhoogste regeringspersone hulle verbaas en dat hulle die eintlike lummelagtige timmerman al byna vir Elohim aansien! Dit is regtig ergerlik! Hy is in alles die beste, praat elke taal asof dit sy moedertaal is, hy is `n profeet van die eerste orde en doen tekens waarvoor geen Elohim hom sou hoef te skaam nie; en ons seuns staan daar net soos ons, wat in ons tyd tog ook wel geleer het, asof hulle nog nie tot tien kan tel nie! Weet niemand van ons dan hoe hierdie timmerman dit alles sy eie gemaak het nie?"

[10] **Ander** sê: "Waar sou hy dan iets sy eie gemaak het? Hy was, behalwe die laaste paar maande, altyd tuis en bou by ons en ook elders huise tesame met sy vader en sy broers; ons het nooit by hom `n spoor van iets heilig opgemerk nie! Daarby praat hy ook nog baie min, en as mense hom iets gevra het, het hy geen of heeltemal `n kortaf antwoord gegee, sodanig dat die mense hom kru ervaar het - en nou staan hy meteens as `n man waarop die hele wêreld hulle oë moet rig! Dit is so ergerlik dat dit meer is as wat `n normale mens kan verdra!

[11] Wat het dan met hierdie mens gebeur? Uit sy eertydse kindertyd weet ons wel dat hy as seuntjie wat nog byna nie kon praat nie, dinge gedoen het wat na towery gelyk het! Vader en moeder het geglo dat hierdie seun eendag iets groots sou word; maar al die veelbelowende gawes moes in die loop van die jare geheel en al verdwyn het dat daar by watter geleentheid ookal ook nie die minste spoor meer daarvan te ontdek was nie! Selfs as seun het hy nooit `n skool (sinagoge) besoek nie en sodoende was hy sonder enige wetenskaplike opleiding `n baie eenvoudige timmerman. Ek het dikwels vir die ou Josef gevra hoe dit met JaHshua gaan, of hy tuis ook so kort van draad was. En die antwoord was: 'Nog minder spraaksaam as buitenshuis!' En sy broers sê dit ook! - Maar as dit so is, waar kom hy dan nou aan die kennis?"